Groepsgebiede:

27. Dat die sub-departement kleurlingsake dringend versoek word om ernstige vertoë te rig dat Claremont, Pretoria en Protea dorpsgebiede en Albertville dorpsgebied nie verwyder moet word nie aangesien kleurlinge na genoemde gebiede gelok is en hulle dit gevolglik beskou as hulle toekomstige en afsonderlike woonbuurte.

28. Dat plaaslike owerhede op die Witwatersrand en Pretoria ernstig versoek word om geskikte gronde beskikbaar te stel vir sub-ekonomiese en ekonomiese skemas en dat voorsiening gemaak moet word vir diegene wat bekwaam is om hulle die persele te koop en daarop te bou; en dat sub-ekonomiese en ekonomiese huise verskillend moet wees wat betref grootte en voorkoms en dat genoemde huise nie opgerig moet word in die nabyheid van naturelle lokasies nie.

29. Dat die plaaslike owerhede in die Transvaal versoek moet word om besigheidsregte te verskaf aan kleurlinge in kleurlinggebiede; dat plaaslike owerhede in die Transvaal versoek word om die afskaffing van erfpag gronde en om te konsentreer op die verkoop van sulke gronde.

30. Dat die regering ernstig versoek word om alle kleurlinge uit naturelle gebiede te verwyder en dat regulasies van toepassing op naturelle nie ook op kleurlinge toegepas moet word nie.

ALGEMEEN.

31. Dat daar afsonderlike voorsiening gemaak word vir kleurlinge in hospitale waar kleurlinge en naturelle tans saam opgeneem word.

32. Dat die regering versoek word om die oprigting van die inrigtings vir die opleiding van volwasse kleurlinge soos voorsien is in wetgewing 38 van 1951.

/34. .....

33. Dat die regering versoek word om die vervoerwet sodanig te wysig dat Kleurlinge toegelaat sal word om self te voorsien in die vervoer van hulle eie mense in hul eie gebiede.

34. Dat voorsiening gemaak word waardeur Kleurlinge plaaseienaars kan word.

35. Hierdie Konferensie bepleit die aanstelling van 'n Kleurling met voldoende ervaring t.o.v. behuising teneinde die Nasionale Behuising-en Beplanningskommissie met raad by te staan in alle Kleurlinggemeenskappe.

36. Hierdie kongres bepleit dat daar grond beskikbaar gestel sal word vir die aankoop deur Kleurlinge in Umtata.

37. Dat Kleurlinggebiede dorpsgebiede verklaar sal word en nie lokasies nie.

38. Dat 'n Kleurling van 'n erkende geregistreerde welsyns-organisasie op plaaslike welsynsrade sal dien.

39. Dat verantwoordelike Kleurlingpersone dwarsdeur die land aangestel sal word om 'n wakende oog te hou oor die behandeling en belange van Kleurlinggevangenis.

40. Dat die regering versoek word om sekere industrieë te subsidieer b.v. die motorbedryf wat bereid is om Kleurling-seuns op te lei.

41. Die kongres versoek dat die regering die magtiging aan die Sub-Departement Kleurlingsake verleen om wanneer wetgewing beoog word met betrekking tot die Kleurling-bevolking, 'n vergadering van verteenwoordigende Kleurling-leiers byeen te roep om hulle 'n geleentheid te gee om ook hulle kant van die saak te stel.

42. Dat hierdie sub-Departement versoek word om die Berlynse Sendingkerk te vra om die rivierfront bekend as "The Bend" te ontwikkel as 'n landbounedersettingskema en vakansieoord vir die Kleurlingbevolking van Kimberley en die omliggende omgewing.

/43.........

43. Dat die sub-Departement die regering versoek om Kleurlingnedersettings langs die Oranjerivier in heroorweging te neem met die oog op:

(a) Beter toerusting-en behuisingaangeleenthede
aa aan nedersetters.

(b) Genoegsame watergeriewe deur middel van besproeiingsdamme.

(c) Dat Kleurlingnedersetters wat al jare lank op Eilande gevestig is nie verskuif sal word om plek te maak vir ander volksgroepe nie.

44.(a) Dat die regering dringend versoek sal word om aanpassingskampe te stig waar die skollie-element opgeneem kan word met die oog op heraanpassing.

(b) Dat die kongres die regering dringend versoek om beter polisie-beskerming teen die skollie-gevaar te verleen.

45. Die Kongres versoek baie ernstig dat die sub-Departement 'n wakende oog sal hou oor die toepassing van die Groepsgebiedewet dat Kleurlinge nie geheel en al uit stede en dorpe verskuif sal word nie.

**Collection Number: AD1715**

**SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS (SAIRR), 1892-1974**

## *PUBLISHER:*

*Collection Funder:-* **Atlantic Philanthropies Foundation**
*Publisher:-* **Historical Papers Research Archive**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2013**

## *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document forms part of the archive of the South African Institute of Race Relations (SAIRR), held at the Historical Papers Research Archive at The University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.